No. R. 1023 27 Mei 1994

WET OP DIERESIEKTES, 1984
(WET No. 35 VAN 1984)

DIERESIEKTEREGULASIES: WYSIGING

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 31 van die Wet op Dieresiektes, 1984 (Wet No. 35 van 1984), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Dieresiekteregulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 2026 van 26 September 1986 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 2208 van 24 Oktober 1986) soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewings Nos. R. 266 van 13 Februarie 1987, R. 2343 van 16 Oktober 1987, R. 884 van 5 Mei 1988 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 1043 van 3 Junie 1988), R. 394 van 1 Maart 1991 (soos verbeter deur Goewermentskennisgewing No. R. 931 van 3 Mei 1991) en R. 2358 van 10 Desember 1993.

*Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies*

2. Regulasie 1 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die volgende woordomskrywing voor die woordomskrywing "beeste" in te voeg:

"'aanmeldbare dieresiekte' 'n dieresiekte soos in Aanhangsel 3 vermeld".

*Invoeging van regulasie 12A van die Dieresiekte Regulasies*

3. Die volgende regulasie word hierby na regulasie 12 van die Regulasies ingevoeg:

"AANMELDING VAN DIE VOORKOMS VAN AANMELDBARE DIERESIEKTES [9 (2) (h)]

12A. (1) 'n Veearts, persoon in beheer van 'n laboratorium en enige ander persoon wat die voorkoms of vermoedelike voorkoms van 'n aanmeldbare dieresiekte in Aanhangsel 3 vermeld by enige dier of voortbrengsel of produk daarvan aantref, moet die voorkoms onverwyld by die verantwoordelike staatsveearts aanmeld.

(2) 'n Aanmelding in subregulasie (1) bedoel moet—

(a) die naam, posadres en telefoonnommer van die persoon wat die aanmelding doen, bevat;

(b) die diersoort wat betrokke is vermeld; en

(c) die grond aandui waarop die aanmeldbare dieresiekte op voorkom.".

*Invoeging van Aanhangsel 3 van die Regulasies*

4. Die volgende Aanhangsel word hierby na Aanhangsel 2 van die Regulasies ingevoeg:

No. R. 1023 27 May 1994

ANIMAL DISEASES ACT, 1984
(ACT No. 35 OF 1984)

ANIMAL DISEASES REGULATIONS: AMENDMENT

The Minister of Agriculture has under section 31 of the Animal Diseases Act, 1984 (Act No. 35 of 1984), made the regulations in the Schedule.

## SCHEDULE

*Definition*

1. In this Schedule "the Regulations" means the Animal Diseases Regulations published by Government Notice No. R. 2026 of 26 September 1986 (as corrected by Government Notice No. R. 2208 of 24 October 1986) as amended by the regulations published by Government Notices Nos. R. 266 of 13 February 1987, R. 2343 of 16 October 1987, R. 884 of 5 May 1988 (as corrected by Government Notice No. R. 1043 of 3 June 1988 (as corrected by Government Notice No. R. 1043 of 3 June 1988), R. 394 of 1 March 1991 (as corrected by Government Notice No. R. 931 of 3 May 1991) and R. 2358 of 10 December 1993.

*Amendment of regulation 1 of the Regulations*

2. Regulation 1 of the Regulations is hereby amended by the insertion of the following definition after the definition "local authority":

"'notifiable animal disease' an animal disease specified in Annexure 3".

*Insertion of regulation 12A of the Regulations*

3. The following regulation is hereby inserted after regulation 12 of the Regulations:

"REPORTING OF INCIDENCE OF NOTIFIABLE ANIMAL DIESEASES [9 (2) (h)]

12A. (1) A veterinarian, person in control of a laboratory or any other person who finds the incidence or suspected incidence of a notifiable animal disease specified in Annexure 3 in any animal or progeny or product thereof, shall immediately report such incidence to the responsible state veterinarian.

(2) A report referred to in subregulation (1) shall—

(a) contain the name, postal address and telephone number of the person making such report;

(b) describe the animal species concerned; and

(c) specify the land on which the notifiable animal disease occur.".

*Insertion of Annexure 3 of the Regulations*

4. The following Annexure is hereby inserted after Annexure 2 of the Regulations:

"AANHANGSEL 3

AANMELDBARE DIERESIEKTES

(Reg. 12A)

Bloutong.

Johne se siekte.

Knopvelsiekte.

Perdesiekte.

Slenkdalkoors.

Vleksiekte by varke.".

*Wysiging van Tabel 2 van die Regulasies*

5. Tabel 2 van die Regulasies word hiermee gewysig deur die voorskrifte in kolom 1 tot 6 teenoor die beheerde dieresiektes "Johne se siekte" en "Vleksiekte by varke" te skrap.

"ANNEXURE 3

NOTIFIABLE ANIMAL DISEASES

(Reg. 12A)

Blue tongue.

Horse sickness.

Johne's disease.

Lumpy skin disease.

Rift valley fever.

Swine erysipelas.".

*Amendment of Table 2 of the Regulations*

5. Table 2 of the Regulations is hereby amended by the deletion of the directives in column 1 to 6 opposite the controlled animal diseases "Johne's disease" and "swine erysipelas".